SPAN-AANBIEDINGSMETODES
(of overgesetsynde alternatiewe/aansluitend by Hulpmiddels)
(met erkenning aan maniere van toets in Spesialisasiehandleiding vir P/S's)

Voorbereiding is belangrik – maar dit is die moeite werd – 'n wiel word net een keer ontwerp en dan sit jy tierlantyntjies aan vir die volgende jaar!! Daar is minder lesse as weke, deel langer lesse op – gee soos medisyne, bietjie feite op 'n slag saam met baie lekkerkry, maar "herhaal" soos nodig!!!

!. **Vraag en Antwoord**
(word gebruik na 'n kort mondelinge aanbieding van 'n les/afdeling in graadwielboeke):
Vrae kan direk gestel word
Vrae in graadwielboek kan/moet ingevul word
Vergelykende kolomme kan opgestel word bv. In kolom A is sekere inligting en kolom B geskommeldes wat dan verbind moet word met die in kolom A.
Flitskaarte – prentjies – mondelinge terugvoer van kinders.
Trivial persuit – stomstreke
Prentjies bou en ontwikkel
Vasvra kompetisies
Stellings – Waar of Vals
Werkblaaie
Rekenaar – inligting oor e-pos
Transpirante

2. Speletjies
Legkaarte (bv. Wapen laat kinders self maak en knip en uitruil)
Blokkiesraaisels, rekenaarprogram (naam by Chris/Nicolette) …..
Inkleurboeke, Leer en ander Vaardigheidsboeke, Tydskrifte, Koerante
Wys en vertel (Show and tell) Elke spanlid bring iets saam wat hy by ouma of oupa geleen het wat bv. 'n Afrikaner- of ander storie het, of iets wat op 'n graadwiellessie van toepassing is – maak voorsiening vir die wat "vergeet" het.
TV Speletjies kan aangepas word – veral oorlogspeletjies
Monopoly – vervang met Voortrekker inligting
Slangetjies en leertjies – antwoord 'n vraag reg voor jy kan aangaan
Snap en Rummy-kaartspeletjies om bv rangkentekens in te skerp
Hardloop en soek antwoord om die hoek - plak inligting op 'n ander plek op, stuur kinders met 'n vraag om die antwoord "om die hoek te gaan soek".

3. Roetemarse (skattejag!!) – kortes en langes, op enige plek, jou tuin, skool, kerk, ouetehuis, straatblok, winkelsentrum – kies 'n tema - baie inligting kan so weergegee en getoets word – beplanning is belangrik – begin klein en soos kinders groter word – brei uit na nagmarse. Geblinddoekte 'reis' oor die skoolterrein met 'spoke' wat leidrade gee kan in die dag ook werk. Begin bv 'n

spanvergadering met ‘n briefie op die spanplek se deur……. (Offisier volg net sonder om iets te sê)

4. **Projek-/plakboeke/foto albums** - “plak en spoeg” (scrapbooking) - brei die graadwielboeke uit (Haal uitmekaar) met inligting, foto’s ens. wat span oor ‘n les tuis bymekaar gemaak het, of wat jyself in koerante en tydskrifte vind. Beplan vroeg in die jaar en gee die temas vroeg deur aan die ouers.

Aparte **taakboeke** waarin inligting solank bymekaar gemaak kan word vir Beloftespesialisasies – verskeie graadwiellesse pas aan by hierdie spesialisasies en kan in die taak ingevoeg word, sit die spesialisasievereistes voor in die boek/lêer – maak dit makliker vir die gr 7 P/D – vroeg begin half gewin!!

5. **Musiek en sang** Musiek kan gebruik word om ‘n “mood” atmosfeer te skep en ook om kinders te kalmeer – wissel dit af met wat hulle vandag luister en waarna voorouers geluister het – baie liedjies in sangboek gee feite weer wat al singende aangeleer kan word. Sit bewegings en kleur by. Berei hiermee ook die P/D’s voor om as sangleiers te kan optree en die onderskeid te kan maak tussen bv gewyde- vaderlands- ens liedere. Gebruik CD’s beskikbaar by depot en selfgemaakte musiekinstrumente om jou te help om hulle te help sing.

6. **Rolspel en gesprekvoering** – betrek jeuglede – trek vir hulle (en jouself!!) snaakse/outydse klere aan of sit net verskillende hoede op – met die kleintjies vertel jy ‘n storie en hulle “tree op” - groteres kan ‘n les tuis deurgaan en dan “konsert” hou oor die betrokke les. Gee almal kans om deel te neem hoe gering die “rol” ookal.

7. **Demonstrasies** (nie toi-toi!!) en **uitstallings** - demonstreer self of kry iemand wat bv glasskilderwerk of pottebakkery of enige ander hand- of kunswerk doen - laat jeuglede self voorwerpe/items veral nutsartikels maak wat op spankampe gebruik kan word, of die spankamer kan versier, ens ens – hou af en toe ‘n groot uitstalling en nooi ander spanne/ouers ens om te kom kyk – (vra dalk ook toegansgfooi vir spanfonds!) Tyd kan ‘n faktor raak, te veel vir net een spanvergadering – beplan goed, maak seker al die aparaat en bestandele is beskikbaar - Hierdie aanbiedingsmetode kan vir verskeie geleenthede gebruik word nie net wanneer daar aan Handwerk of Beeldende kunste spesialisasies gewerk word nie.

8. **Besoeke soos Uitstappies en kampe -** legio plekke wat besoek kan word om ‘n les aan te vul, biblioteke, argiewe, ouetehuise, gestremdes, predikant/jeugberader – doen eers die besoek en vul dan die lessie se vrae in tydens die volgende spanvergadering. Kyk watter lessies se

inhoud kan tydens ‘n spankamp afgehandel word - ‘n kamp hoef nie lank te wees nie – selfs ‘n “agterplaas” kamp kan werk!

9. **Spanvergaderplekke** kan ook afgewissel word – wat van die lekker ou groot boom….. , skool se kelder…, kerk se galery….. Of slaan ‘n tent op en hou daarin jou gewone spanvergadering. Bly by die huis en stuur e-posse vir jeuglede om self te lees en self op te antwoord!! Internetkafees?

10. **Menslike hulpbronne** - huidige en afgetrede Voortrekkers, ouers, kenners op ‘n sekere gebied bv verpleegkundiges ens ens